# INSTITVTIO CHRI-ſtianæ religionis, in libros quatuor nunc primum digeſta, certíſque diſtincta capitibus, ad aptiſſimam methodum: aucta etiam tam magna acceſſione vt propemodum opus nouum haberi poſſit.

IOHANNE CALVINO AVTHORE.



Oliua Roberti Stephani.

GENEVAE.

M. D. LIX.

# INSTITUSIE VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

Nou die eerste keer in vier boeke saamgevat
en volgens die mees gepaste metode in
bepaalde hoofstukke van mekaar
onderskei asook so uit-
gebrei dat dit bykans
as 'n nuwe werk be-
skou kan word

deur die skrywer
JOHANNES CALVYN

(gedruk deur)
ROBERTUS STEPHANUS
te Genève
in
1559

## JOHANNES CALVYN
## AAN DIE LESER[1)]

Omdat ek hoegenaamd nie die sukses verwag het wat die Here in sy grenslose goedheid daaraan gegee het nie, het ek in die eerste uitgawe van hierdie werk van ons die onderwerp grootliks oppervlakkig afgehandel soos gewoonlik die geval is in onbeduidende werke. Maar toe ek besef dat dit deur feitlik alle godvrugtiges so gunstig ontvang is as wat ek nooit kon waag om biddend te vra, nog minder te hoop nie, het ek van harte die gevoel gehad dat aan my baie meer verleen word as wat ek verdien het. Gevolglik was ek van mening dat dit 'n blyk van groot ondankbaarheid sou wees as ek nie na die beste van my kommervolle toestand ten minste 'n poging sou aanwend om op die toegeneentheid wat aan my betoon is (en my vanself tot ywer daarvoor opwek) te antwoord nie. Dit het ek nie alleen in die tweede uitgawe nagestrewe nie, maar so dikwels as wat die werk daarop gepubliseer is, is dit met verskeie byvoegings verryk. Hoewel ek nie spyt was oor die inspanning wat ek toe daaraan bestee het nie, was ek tog nooit tevrede voordat die werk in die volgorde waarin dit nou aan u voorgesit word, ingedeel is nie. Ek vertrou dat ek nou 'n werk aangebied het wat die goedkeuring van u almal kan wegdra.

Ek kan in elk geval duidelike getuienis aanbied van die groot ywer waarmee ek my ingespan het om hierdie werk vir die kerk van God te lewer. Verlede winter het ek gedink dat die dood as gevolg van die vierdaagse koors uiteindelik vir my aangebreek het.[2] Toe het ek myself al hoe minder gespaar namate die siekte my al hoe meer oorweldig het. Dit het ek gedoen met die doel om 'n boek van so 'n aard agter te laat dat dit met 'n mate van dankbaarheid vir so 'n goedgunstige aansporing van gelowiges kon vergoed. Ek sou inderdaad verkies het om dit gouer te gedoen het, maar gou genoeg is goed genoeg.[3] Maar ek sal eers van mening wees dat dit dan op die juiste tydstip verskyn het wanneer ek agterkom

[1] Let op die byvoegings en veranderinge sedert 1539, bv.

| 1539: | 1559: |
| --- | --- |
| ***benignitate*** | ***bonitate*** |
| ***cum*** | ***quum*** |

[2] Vgl. Beza, *Vita*, 58, paragraaf 2.
[3] Quintilianus, *Institutio Oratoria* 1.24. Dieselfde uitdrukking, *sat cito, si sat bene*, kom ook by Horatius voor (vgl. o.a. Cato, *De agricultura* 3.3; 43.2; 157.4).

dat dit ryker vrug vir die kerk gedra het as wat dit tevore gedoen het. Dit is my enigste bede.
Dit sou inderdaad sleg met my gaan as ek nie tevrede was met die goedkeuring van God alleen en die dwase en verwronge oordele van ongeletterdes of die onbillike en kwaadwillige oordele van goddelose mense sou minag nie. God het my gemoed ten diepste op die ywer aangewys om enersyds sy koninkryk uit te brei en andersyds die openbare belang te onderskraag. Daarom is ek terdeë daarvan bewus (en ek het God self en sy engele as my getuies) dat ek sedert die tyd waarop ek die taak as leraar in sy kerk op my geneem het, geen ander doel gehad het as om sy kerk te bevoordeel deur die egte leer van ons godsvrug te handhaaf nie.
Tog dink ek dat daar niemand is wat met meer valse beskuldigings aangeval, gekrenk en gekwets word as ek nie. Toe hierdie brief alreeds in die pers was, het ek verneem dat 'n gerug oor my afvalligheid na die pousdom versprei is in Augsburg, waar 'n vergadering van die Ryksdag gehou is, en dat dit met groter hartstog as wat paslik was, in die howe van die vorste verwelkom is. Natuurlik is dit die dankbaarheid van mense vir wie die menigvuldige bewyse van my onwrikbaarheid sekerlik nie verborge is nie. Hierdie bewyse verwerp nie alleen hulle afstootlike klag nie, maar dit moes my ook voor alle billike en menslike regters teen so 'n valse beskuldiging beskerm het.
Maar die duiwel saam met sy hele leërskare misgis hom as hy dink dat ek as gevolg van hierdie versmading swakker en toegeefliker sal wees as hy my met stinkende leuentaal toegooi. Want ek vertrou dat God in sy grenslose goedheid my dit sal gun om met onverstoorbare geduld op die weg van sy heilige roeping te volhard. Daarvoor bied ek in hierdie uitgawe vir my gelowige lesers nuwe bewys.
Voorts was dit in hierdie werk my voorneme om kandidate van die heilige Teologie so gereed te maak en op te lei om die Woord van God te lees dat hulle in staat kan wees om enersyds gemaklik daartoe toegang te hê en om andersyds sonder struikeling daarin vordering te maak. Want dit lyk vir my asof ek die geheel van ons godsdiens so volledig saamgevat en so ordelik gerangskik het dat as iemand dit reg begryp, dit nie vir hom moeilik sou wees om te besluit wat hy aan die een kant in besonder in die Skrif moet soek en op watter doel hy aan die ander kant die inhoud daarvan moet toespits nie.
Wanneer ek dus hierdie pad so geplavei het en later Skrifkommentare uitgee, sal ek dit altyd bondig saamvat, omdat ek dan nie nodig sal hê om lang besprekings oor leerstellige sake te voer en na dogmatiese kwessies af te dwaal nie. So sal die gelowige leser van groot ergernis en verveling verlig word mits hy homself vooraf met kennis van die huidige werk as noodsaaklike toerusting daarvoor verskans en dit so benader. Maar

omdat die metode van hierdie *Institusie* helder soos 'n spieël uit al my kommentare blyk, verkies ek dat die werklikheid dit moet aandui eerder as om dit in woorde te verkondig.
Tot siens, vriendelike leser, en as u enige vrug uit my inspanning pluk, onderskraag my dan met u gebede voor God, ons Vader.
Genève, 1 Augustus in die jaar 1559.

Deur hulle ywer om te leer
het die mense wat die regverdiging
van my eenvoudige boekie ter harte geneem het,
hierdie magtige boek tot stand gebring.

**Augustinus, *Ep.* 7:**

"Ek erken dat ek onder die mense is
wat skryf deur te vorder
en vorder deur te skryf".

*Subscriptum* van Johannes Sturm in sy eie handskrif: Johannes Calvyn, 'n mens met 'n baie skerpsinnige oordeel en die hoogste geleerdheid, is met 'n voortreflike geheue begiftig. Hy is 'n veelsydige, vrugbare en suiwer skrywer. Sy *Institusie van die Christelike godsdiens* is getuienis daarvan. Nadat hy daarmee 'n aanvang gemaak het, het hy dit verryk en vanjaar afgehandel en uitgegee. Ek weet nie of daar enigiemand van die huidige geslag is met meer ervaring om die godsdiens te onderrig, die sedes te verbeter en die dwaling te vernietig nie. Elkeen wat sy leer in hierdie boek navolg, sou homself as 'n baie regverdige mens kon beskou. En verder: Tertullianus is deur Cyprianus só hoog geag dat hy, so dikwels as wat hy 'n boek gevra het, die gewoonte gehad het om te sê: "Gee vir ons die *meester*!" [4]

[4] Hierdie onderskrif van Sturm kom in verskillende latere uitgawes van die *Institusie* voor en word prakties as deel van die teks beskou. Dit bied 'n kernagtige tipering van die *Institusie* en van Calvyn se gawe om te onderrig.

## AFSONDERLIKE HOOFSTUKKE VAN ONDERWERPE WAT IN HIERDIE UITGAWE VAN DIE CHRISTELIKE INSTITUSIE INGESLUIT IS


| | Bk. | hfst. |
|---|---|---|
| Selfverloëning | 3. | 7 |
| Die val van Adam | 2. | 1 |
| Die engele | 1. | 14 |
| Die hemelvaart van Christus | 2. | 16 |
| Die doop | 4. | 15 |
| Naasteliefde | 2. | 8 |
| Selibaat van priesters | 4. | 12 |
| Die nagmaal van Christus | 4. | 17 |
| Konsilies en hulle gesag | 4. | 9 |
| Pouslike bieg en genoegdoening | 3. | 4 |
| Pouslike bevestiging | 4. | 19 |
| Die gewete | 3. | 19 |
| Die doel waarvoor Christus gestuur is | 2. | 15 |
| Die Godheid van Christus | 2. | 14 |
| Hoe die Persoon van Christus in twee nature een word | 2. | 14 |
| Die neerdaal van Christus in die doderyk | 3. | 16 |
| Hoe Christus Middelaar is | 2. | 12 |
| Christus het vir ons die ewige lewe verdien | 2. | 17 |
| Christus as profeet, koning en priester | 2. | 15 |
| Sy lyde aan die kruis | 3. | 8 |
| Kennis van God | 1. | 1 e.v. |
| God word van nature deur almal geken | 1. | 3 |
| Die doel waarop die kennis van God gerig is | 1. | 2 |
| Die kennis van God word deur die onkunde of boosheid van die mens versmoor | 1. | 4 |
| Die enige Wese en drie Persone van God | 1. | 13 |
| Hoe God die werke van goddelose mense gebruik | 1. | 18 |
| Duiwels | 1. | 14 |
| Die kerk | 4. | 1 |
| 'n Vergelyking tussen die ware en valse kerk | 4. | 2 |
| Oor die bevoegdheid en tug van die kerk | 4. | 11,12 |
| Die kerk se mag om wette te maak | 4. | 10 |
| Die kerk se mag aangaande die geloofsleer | 4. | 8 |
| Die toestand van die kerk in die ou tyd | 4. | 4 |
| Die ewige uitverkiesing | 3. | 21 |
| Die ewige uitverkiesing van God word deur die roeping bekragtig | 3. | 24 |
| Die geloof | 3. | 2 |
| Ketters en skeurders | 4. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| Die skepping van die mens | 1. | 15 |
| Afgode | 1. | 11,12 |
| Vas | 4. | 12 |
| Die Naam Jesus | 2. | 15 |
| Die beeld van God | 1. | 15 |
| Dit is sonde om 'n beeld vir God te versin | 1. | 11 |
| Handoplegging | 4. | 19 |
| Aflaat | 3. | 5 |
| Hofgedinge[1] | 4. | 20 |
| Die eed | 2. | 8 |
| Regverdigmaking deur die geloof[2] | 3. | 11 |
| Die begin en voortgang van regverdigmaking | 3. | 14 |
| Dinge waarop ons in regverdigmaking moet let | 3. | 13 |
| Die wet | 2. | 7 |
| Die doel, taak en aanwending van die wet | 2. | 7 |
| 'n Verduideliking van die sedewet | 2. | 8 |
| Wette | 4. | 20 |
| Vrye oordeel | 1. | 15 |
| | 2. | 2,5 |
| Christelike vryheid | 3. | 19 |
| Die huwelik | 4. | 19 |
| Christus as Middelaar | 2. | 12 |
| Uit die loon word verkeerdelik die regverdiging van die werke afgelei | 3. | 18 |
| Die verdienste van goeie werke | 3. | 15 |
| Die pouslike Mis | 4. | 18 |
| Die monnikamp | 4. | 13 |
| Die sterwe van Christus | 2. | 16 |
| Die wêreld wat God geskep het, word ook deur Hom gekoester en bestier | 1. | 16 |
| Die beskikking van die wêreld | 1. | 16 |
| Gebed | 3. | 20 |
| Die kerklike ordes van die pous | 4. | 19 |
| Die orde en ampte van die kerk | 4. | 3 |
| Kinderdoop | 4. | 16 |
| Die verkiesing en pligte van herders | 4. | 3 |
| Sonde teen die Heilige Gees | 3. | 3 |
| Erfsonde[3] | 2. | 1 |
| Ware berou | 3. | 3 |

[1] Hier: *De judiciis forensibus,* maar teks: *De politica administratione.* Franse teks van Benoit (1561): *Du gouvernement civil.*

[2] *De iustificatione fidei.*

[3] *De peccato originali.*

| | | |
|---|---|---|
| Berou volgens die pous | 4. | 19 |
| Burgerlike regering | 4. | 20 |
| Die predestinasie van God | 3. | 21 |
| Versoening tussen die beloftes van die Wet en van die evangelie | 3. | 17 |
| Die voorsienigheid van God | 1. | 16 |
| Die vagevuur | 3. | 5 |
| Christus as Verlosser | 2. | 16 |
| Wedergeboorte | 3. | 3 |
| Die oorsprong van die Roomse primaat en die begin van die Roomse pousdom | 4. | 6,7 |
| Sondaars verkry as gevolg van hulle eie skuld die dood waarvoor hulle bestem is | 3. | 24 |
| Die wederopstanding van Christus | 2. | 16 |
| Die laaste opstanding | 3. | 25 |
| Die sakramente | 4. | 14 |
| Valse sogenaamde sakramente | 4. | 19 |
| Die tussentrede van heiliges | 3. | 20 |
| Genoegdoening volgens die pous | 3. | 4 |
| Struikelblokke | 3. | 19 |
| Die gesag van die Heilige Skrif | 1. | 6 |
| Die onderwysing van die Skrif is vir ons noodsaaklik | 1. | 9 |
| Die Heilige Gees en sy werk | 3. | 1 |
| Die verborge werking van die Gees | 3. | 2 |
| Die ooreenstemming tussen Ou en Nuwe Testament | 2. | 10 |
| Tradisies van die mens | 4. | 10 |
| Die Drie-eenheid | 1. | 13 |
| Die lewe van 'n Christen | 3. | 6 |
| Oordenking van die toekomstige lewe | 3. | 9 |
| Hoe ons ons huidige lewe moet benut | 3. | 10 |
| Ons roeping word deur die ewige uitverkiesing van God bekragtig | 3. | 24 |
| Elkeen moet sy oë noukeurig op sy roeping hou | 3. | 7[4] |
| Geloftes | 4. | 13 |
| Die laaste salwing van die pous | 4. | 19 |

Al hierdie onderwerpe word duidelik en konkreet in hierdie *Institusie* behandel en al die besware van ons teenstanders op so 'n wyse weerlê dat dit elke gelowige leser tevrede sal stel sodat geen bedrog van die sofiste hom hierna sal lastig val nie.

[4] *Sic!*

# Potētissimo, illustrissimóque monarchæ, Francisco, Francorum Regi Christianissimo, principi suo, Iohannes Caluinus pacem ac salutem in Christo precatur.

QVVM huic operi manum primùm admouerem, nihil minus cogitabam, Rex clarissime, quàm scribere quæ maiestati tuæ postea offerrentur. Tantùm erat animus rudimenta quædam tradere, quibus formarentur ad veram pietatem qui aliquo religionis studio tanguntur. Atque hunc laborem Gallis nostris potissimùm desudabam, quorum permultos esurire & sitire Christum intelligebam: paucissimos autem videbã qui vel modica eius cognitione rite imbuti essent. Hanc mihi fuisse propositam rationem liber ipse loquitur, ad simplicem scilicet rudémque docendi formam compositus. Verùm quum perspicerem vsque eo quorundam improborum furorem inualuisse in regno tuo, vt nullus sanæ doctrinæ sit istic locus: facturus mihi operæpretium visus sum si eadem opera & institutionem iis darem, & confessionem apud te ederem, vnde discas qualis sit doctrina in quam tanta rabie exardescũt furiosi illi, qui ferro & ignibus regnum tuum hodie turbant. Neque enim verebor fateri, hîc me summam ferè eius ipsius doctrinæ complexum esse quam illi carcere, exilio, proscriptione, incendio mulctandã, quam terra maríque exterminandam vociferantur. Equidem scio quàm atrocibus delationibus aures animúmque tuum impleuerint, vt causam nostram tibi quàm odiosissimam redderent: sed id tibi pro tua clementia perpendendum est, nullam neque in dictis, neque in factis innocentiam fore, si accusasse sufficiat. Sanè c c siquis faciendæ inuidiæ causa, doctrinam hanc, cuius rationem tibi reddere conor, omnium ordinum calculis damnatã, multis fori præiudiciis confossam iamdudum fuisse causetur, nihil aliud dixerit quàm partim aduersariorum factione & potentia violenter deiectam: partim mendaciis, technis, calumniis, insidiosè fraudulentérque oppressam. Vis est, quòd indicta causa sanguinariæ sentẽtiæ aduersus illam feruntur: fraus, quòd seditionis & maleficii præter meritũ insimulatur. Ne quis hæc iniuria nos queri existimet, ipse nobis testis esse potes, Rex nobilissime, quàm mendacibus calumniis quotidiè apud te traducatur, quòd nõ aliorsũ spectet nisi vt Regibus sua sceptra è manibus extorqueat, tribunalia, iudiciáque omnia præcipitet, subuertat ordines omnes & politias, pacẽ & quietẽ populi perturbet, leges omnes abroget, dominia & possessiones dissipet, omnia denique sursum deorsum voluat. Et tamen minimam portiunculam audis. horrenda enim quædã in vulgus spargũtur: quæ si vera essent, meritò illam cum suis authoribus mille ignibus ac crucibus dignam vniuersus mundus iudicet. Quis iam miretur publicum odium in illam accensum esse, vbi iniquissimis istis criminationibus fides habetur? En cur in nostram ipsorum doctrinæque nostræ damnationẽ omnes ordines consentiant ac cõspirent. Hoc affectu correpti, qui ad iudicandũ sedẽt, præiudicia quæ domo attulerũt, pro sentẽtiis pronũtiant: & se rite perfunctos suis partibus putant si neminẽ ad suppliciũ trahi iubeãt, nisi aut sua

# VOORWOORD AAN DIE KONING VAN FRANKRYK[1]

## AAN DIE ALLERMAGTIGSTE EN UITMUNTENDSTE MONARG, FRANCISCUS, HOOGS CHRISTELIKE KONING VAN DIE FRANSE,[2] SY VORS, WENS JOHANNES CALVYN VREDE EN HEIL IN CHRISTUS TOE

Aanvanklik toe ek my hand op hierdie werk gelê het, o roemryke Koning, het ek niks minder in gedagte gehad as om iets te skrywe om aan u Majesteit voor te lê nie. My bedoeling was slegs om enkele grondbeginsels oor te lewer, sodat mense wat deur 'n mate van belangstelling in die godsdiens geraak word, daardeur tot die waaragtige geloof opgelei kon word. En ek het hierdie taak in besonder vir ons Franse landgenote verrig, want ek het besef dat daar uiters baie van hulle was wat na Christus gehonger en gedors het. Ek het egter bemerk dat daar van hulle is wat maar net effens na behore in die kennis aangaande Hom opgelei is.

Die boek self spreek daarvan dat dit my vooropgestelde doelstelling was, omdat dit trouens in 'n eenvoudige en ongeleerde trant opgestel is. Ek het egter bemerk dat die waansin van sommige bose mense in u koninkryk dermate aan krag gewen het dat daarin geen plek meer vir die gesonde leer is nie.[3] Daarom het die indruk by my ontstaan dat dit die moeite sou loon as ek in dieselfde werk enersyds aan dié mense onderrig sou gee wie se opleiding ek op my geneem het, en andersyds as ek daarmee voor u 'n belydenis sou lewer. Dit het ek gedoen sodat u daaruit die aard van die leer sou kon leer ken waarteen die waansinniges (wat vandag u ryk met swaard en vuur versteur) nou met groot woede brand.

Want ek sal nie vrees om te erken dat ek hier juis die som van die leer saamgevat het waarvan hulle skreeu dat dit met gevangenis, met verbanning, met voëlvryverklaring en met verbranding gestraf en op land en see uitgewis moet word nie.

Ek is weliswaar daarvan bewus dat hulle u ore en verstand met verskriklike aanklagte gevul het om ons saak voor u so gehaat moontlik te maak. Maar volgens u lankmoedigheid moet u daaraan oorweging skenk dat daar nòg in woorde nòg in dade enige onskuld sal wees as dit genoegsaam sou wees om bloot net 'n klag in te dien.

[1] Vgl. die voorwoord in die 1536-uitgawe. Geringe, maar beduidende veranderinge is deur Calvyn in die loop van jare aangebring. Dit is sedert 1541 aan die Franse vertaling van die *Institusie* toegevoeg en ook as afsonderlike brief aan die koning gestuur. Vgl. in verband daarmee Jacques Pannier, *Jean Calvin Epître au Roi avec Introduction et Notes.*

[2] Kyk *Vita,* p.8, n.46.

[3] Calvyn verwys na die Affaire des Placards, *Annales,* 17 en 18 Okt. 1534 (OC 21:193), *Ep.* 23 (OC 10,2:42). Kyk *Vita,* p.9, n.47. Die Protestante is van opstand en oproer beskuldig (Herminjard 3:249 e.v.) en daarom bloedig vervolg.

As iemand inderdaad met die oog daarop om haat daarteen te verwek sou voorgee dat hierdie leer waarvan ek nou poog om aan u rekenskap te gee, volgens die stemme van al die ordes verdoem is en lankal deur baie oordele van die regbank afgekeur is, dan sou hy daarmee niks anders te kenne gee nie as net dat dit gedeeltelik deur die partydigheid en mag van die teenstanders daarvan met geweld neergewerp en gedeeltelik deur leuentaal, deur listige streke en valse beskuldigings verraderlik en bedrieglik onderdruk is. Dit is loutere geweld dat bloedige vonnisse sonder verhoor daarteen gevel word, en loutere bedrog dat dit sonder verdienste van sedisie en misdaad aangekla word.

Met die oog daarop dat niemand mag reken dat ons ten onregte oor hierdie dinge kla nie, kan u self, o edele Koning, vir ons daarvan getuie wees hoe dit elke dag met leuenagtige beskuldigings voor u misbruik word. Net asof dit op niks anders gerig is nie as om konings se septers van hulle weg te ruk, al ons regbanke en howe tot 'n val te bring, al die state en regerings te vernietig, die vrede en rus van die volk te versteur, alle wette af te skaf, al ons eiendom en besittings te verwoes – kortom: om alles heeltemal om te keer.

En tog hoor u net 'n klein deeltjie daarvan, want verskriklike stories word onder die massas versprei. As dît waar was, sou die hele wêreld met reg van oordeel wees dat ons leer tesame met die leraars daarvan duisend vure en kruise verdien. Wie sou daaroor verbaas gestaan het dat die openbare haat daarteen aangeblaas is wanneer aan daardie uiters onbillike beskuldigings waarde geheg word? Dit is waarom al die state eendragtig saamspan om ons en ons leer te verdoem.

Deur hierdie gesindheid beetgepak vaardig die mense wat in oordeel daaroor sit, die vooroordele wat hulle van hulle huise af met hulle saambring, as vonnisse daaroor uit. Hulle is van mening dat hulle hulle taak behoorlik volvoer het as hulle beveel dat niemand ter dood veroordeel moet word tensy hy òf op sy eie erkentenis òf op onomstootlike getuienis skuldig bevind is nie.

Maar aan watter misdaad?

Aan 'n verdoemde leer, verklaar hulle.

Maar volgens watter reg is dit verdoem? Hierin was trouens die krag van ons verdediging geleë, naamlik om die leer self nie te verloën nie maar dit as die waaragtige leer te verdedig. Maar om selfs hieroor te fluister is verbode.

En daarom, onoorwinlike Koning, is my versoek aan u nie onbillik dat u 'n nuwe ondersoek na die aangeleentheid moet onderneem nie – 'n aangeleentheid wat tot dusver verward en sonder enige regsorde eerder met onbeteuelde hartstog as met regmatige erns behandel en selfs ook ondersoek is. En moenie dink dat ek hier aan my persoonlike verdediging oorweging skenk om sodoende my veilige terugkeer na my

vaderland te bewerkstellig nie. Hoewel ek dit ook met gepaste deernis bejeën, ontbeer ek dit nie soos sake nou staan nie. Maar inderdaad omhels ek die gemeenskaplike saak van al die gelowiges en daarom juis die saak van Christus, wat vandag op elke moontlike wyse in u ryk verskeur word en verslete is asof dit veragtelik en sonder aansien is – en dit weliswaar eerder deur die tirannie van sekere Fariseërs as met u medewete.

Maar dit is nie van belang om hier te verhaal hoe dit verloop nie. Dit is gewis platgeslaan en sonder aansien. Want die goddeloses het dît bereik dat die waarheid van Christus, as dit dan nie verdryf en verstrooid ten gronde sou gaan nie, begrawe en gesmaad verborge sou bly; en dat die arme kerk inderdaad òf deur wrede moorde vernietig òf deur ballingskap verdrywe òf deur dreigemente en verskrikkinge verpletter sou word, sodat dit nie eens sou waag om die mond te open nie. En selfs nou nog vervolg hulle dit met die waansin en felheid waaraan hulle gewoond is, en moedig storm hulle af op 'n muur wat alreeds intuimel, en op 'n ruïne wat hulle self tot stand gebring het. Intussen tree niemand na vore om dit teen sulke waansinnighede te beskerm nie.

Maar as sommige mense nog die begeerte koester om die indruk te wek dat hulle die waarheid grootliks gunstig gesind is, dan huldig hulle die opvatting dat die dwaling en onverstandigheid van leke hulle vergewe moet word. Want só praat hierdie beskeie mense: die waarheid van God waarvan hulle weet dat dit onwrikbaar is, noem hulle dwaling en onverstandigheid. Hulle noem die mense leke wie se verstand nie vir Christus so veragtelik was dat Hy hulle nie die geheimenisse van die hemelse wysheid waardig geag het nie. So skaam hulle hulle almal vir die evangelie.

U taak sal dit dus wees, vriendelike Koning, om nòg u ore nòg u gemoed op so 'n gegronde verdediging te keer, in besonder wanneer dit oor so 'n belangrike aangeleentheid gaan, naamlik oor hoe die roem van God ongeskonde op die aarde kan bly, hoe die waarheid van God sy waardigheid kan behou en hoe die ryk van Christus vol en gekoester onder ons kan bly. Dit is 'n aangeleentheid wat u ore waardig is, wat u kennisname verdien en u regbank pas.

En tóg bring hierdie gedagte die ware koning na vore, naamlik om te erken dat hy self in die regering van sy ryk 'n dienaar van God is. 'n Koning wat in sy ryk nie só regeer dat hy die heerlikheid van God dien nie, beoefen nie regering nie maar pleeg roof. Voorts bedrieg 'n koning homself wanneer hy langdurige voorspoed vir 'n ryk verwag wat nie deur die septer van God, dit is deur sy heilige Woord, geregeer word nie.[4] Hierdie hemelse uitspraak waarin aangekondig is dat die volk onder wie die

[4] Rom. 13:3 (13:2).

profesie ontbreek, verstrooi sal word, mag ons nie ontgaan nie.[5] En minagting vir ons nederigheid behoort u nie van u ywer hiervoor weg te hou nie. Inderdaad is ons welbewus van watter arme verwerplike mensies ons is. Voor God is ons arme sondaars en in die oë van ons medemens uiters veragtelik – uitvaagsels en verwerpsels van die wêreld, as u wil, of as iets nog vuiler as dit genoem kan word – sodat daar niks is waarop ons voor God kan roem nie, behalwe op sy genade alleen, waardeur ons sonder enige verdienste van ons kant in die verwagting op ons ewige saligheid opgeneem is. Onder ons medemens roem ons ook met die uitsondering van ons swakheid nie op baie nie, en om selfs die geringste belydenis daarvan te doen beteken onder hulle die grootste skande.

Maar ons leer moet bo alle wêreldse roem verhewe wees, bo alle mag onoorwonne bly. Dit is nie ons leer nie maar die leer van die lewende God en van Christus. Die Vader het Hom as Koning ingestel om van see tot see te heers en van die riviere tot by die eindes van die aarde. En dat Hy weliswaar so daaroor moet heers dat Hy die hele aarde met sy ysere en bronse krag, met sy goue en silwere glans, alleen deur die roede van sy mond getref, soos pottebakkerswerk kan verpletter – soos die profete oor die heerlikheid van sy ryk profeteer.[6]

Ons teenstanders skreeu weliswaar dat ons die Woord van God valslik as voorwendsel gebruik en dat ons daarvan die allerskandelikste skenders is. Deur self ons belydenis te lees sal u in ooreenstemming met u insig kan oordeel, nie alleen hoe 'n kwaadwillige valse klag dit is nie maar ook hoe 'n opsigtelike skaamteloosheid dit is.

Tog moet hier enkele opmerkings gemaak word om vir u die weg te berei om ons belydenis te lees of om u tot ywer en opmerksaamheid daarvoor op te wek. Toe Paulus die begeerte gehad het dat die hele profesie na die voorbeeld van die geloof geskoei moes wees,[7] het hy 'n baie besliste rigsnoer neergelê waaraan die interpretasie van die Skrif gemeet moet word. As ons leer dus aan die hand van hierdie maatstaf van die geloof gemeet word, is die oorwinning klaar in ons hande. Want wat pas beter en wat is vir die geloof betaamliker as om te bely dat ons van elke deug ontbloot is om deur God geklee te word; dat ons van alle goed ontneem is sodat ons deur Hom gevul kan word; dat ons slawe van die sonde is sodat ons deur Hom vrygemaak kan word; dat ons blind is sodat ons deur Hom verlig kan word; dat ons kreupel is sodat ons deur Hom opgehef kan word; dat ons swak is sodat ons deur Hom staande gehou kan word; dat ons ons alle stof tot roem ontneem sodat Hy alleen geroem

[5] Spr. 29:18.
[6] Dan. 2:32-35; Jes. 11:4; Ps. 2:9.
[7] Rom. 12:6-7.

kan word en ons in Hom kan roem? (1 Kor. 1:31).
Wanneer hierdie en soortgelyke bewerings deur ons gemaak word, val hulle ons in die rede en hulle kla dat die een of ander blinde lig van die natuur[8] hiervolgens omvergewerp word, asook versonne voorbereidings,[9] vrye oordeel[10] en werke wat tesame met hulle bykomstige verdienste,[11] die ewige saligheid verdien.
En dit omdat hulle nie kan verdra dat die lof en roem van alle goed, deug, geregtigheid en wysheid by God alleen moet berus nie. Maar ons lees nie van mense wat bestraf is omdat hulle te diep uit die bron van die lewende water geput het nie. Daarteenoor word die mense wat vir hulleself putte – bodemlose putte wat nie water kan hou nie[12] – uitgegrawe het, ernstig tereggewys.
Wat pas die geloof aan die ander kant meer as om te erken dat God belowe dat Hy vir ons 'n genadige Vader en Christus ons Broeder en Middelaar sal wees? Wat pas die geloof meer as om alle blydskap en voorspoed onbesorg van Hom te verwag wie se onuitspreeklike liefde jeens ons so ver gegaan het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons oorgelewer het?[13] Wat pas die geloof verder meer as om in die gewisse verwagting op ons saligheid en die ewige lewe berusting te vind wanneer ons daaraan dink dat Christus deur die Vader gegee is in wie sulke skatte verborge is?
Hier slaan hulle hulle hande op ons, en hulle skreeu dat ons geloofsekerheid nie sonder aanmatiging en verwaandheid is nie. Maar soos ons van onsself niks kan verwag nie, so moet ons alles van God verwag. Ons word op geen ander wyse van ons ydele roem ontneem as om te leer om in die Here te roem nie.
Wat nog verder? Moedige Koning, gaan al die dele van ons saak deur en ag ons maar slegter as enige soort misdadiger as u nie duidelik bevind dat ons in nood verkeer en gesmaad word omdat ons ons hoop op die lewende God stel nie.[14] Ons glo verder dat dít die ewige lewe is, om die ewige waaragtige God te ken en Jesus Christus, wat Hy gestuur het.[15] As gevolg van hierdie hoop word sommige van ons met kettings geboei, ander met stokke geslaan, nog ander in bespotting rondgeneem, sommiges voëlvry verklaar en ander op die allerwreedste wyse gemartel. Sommiges ontvlug, maar ons word almal deur die benardheid van ons

[8] Vgl. OS 3:13, n. 1.
[9] Vgl. Eck, *Enchiridion,* hfst. 8 en 9.
[10] Vgl. Eck, *Enchiridion,* hfst. 31.
[11] Kyk *ibid.,* hfst. 5.
[12] Jer. 2:13.
[13] Rom. 8:32.
[14] 1 Tim. 4:10.
[15] Joh. 17:3.

omstandighede onderdruk. Ons word met gruwelike verwensings vervloek, met lastertaal verskeur en op die alleronwaardigste wyse behandel.

Aanskou dan nou ons teenstanders (ek praat van die priesterorde op wie se wenk en wil ook ander teen ons vyandig is) en oorweeg vir 'n oomblik saam met my deur watter hartstog hulle meegesleur word. Hulle laat hulleself en andere gemaklik toe om die ware godsdiens wat in die Skrifte oorgelewer is en onder ons almal vas behoort te staan, nie te ken nie, te verwaarloos en te verag. En hulle reken dat dit van weinig belang is wat elkeen van God en Christus dink of nie dink nie, solank hy maar sy verstand met 'n 'implisiete geloof'[16] (soos hulle sê) aan die oordeel van die kerk onderwerp. Ook maak dit op hulle nie 'n besondere indruk as dit sou gebeur dat die eer van God met openlike godslastering besoedel word nie, solank iemand maar net nie 'n vinger lig teen die primaat van die apostoliese setel en die gesag van die heilige moeder, die kerk, nie.[17] Waarom stry hulle dan met soveel wreedheid en bitterheid vir die Mis, die vagevuur, pelgrimstogte en dergelike onbenullighede?[18] Natuurlik sodat hulle kan beweer dat godsvrug nie staande kan bly sonder die mees 'implisiete geloof'' nie, om dit nou maar so te stel, hoewel hulle tog nie bewys kan lewer daarvan dat iets hiervan uit die Woord van God is nie. Waarom dan so – behalwe as die maag hulle god en die kombuis hulle godsdiens is?[19] As dit weggeneem word, glo hulle dat hulle nie alleen nie Christene nie, maar ook nie eers mense sal wees nie. Want hoewel sommige hulleself oordadig verswelg en ander eenvoudige krummeltjies eet, lewe hulle almal tog uit dieselfde pot wat sonder daardie vuurmaakhout nie alleen koud sou word nie maar ook geheel en al sou verys. Wie van hulle daarom die meeste bekommerd is oor sy maag, is die bitterste stryder vir sy geloof. Hulle strewe kortom almal die laaste een daarna òf om hulle ryk veilig òf hulle mae gevul te hou. Nie een van hulle gee die geringste aanduiding van opregte ywer nie. So sien hulle tóg nie daarvan af om ons leer aan te val en met elke moontlike naam te beswadder en te verguis om dit gehaat en verdag te maak nie.

Hulle noem dit 'nuut' en van 'onlangse geboorte'.[20] Hulle bespot dit as 'n twyfelagtige en onsekere leer; hulle vra deur watter wonderwerke dit

[16] Thomas van Aquino, *Summa Theol.* 2.2.2.5-8; ook die pouslike Bul, *Exsurge Domine* van Leo X, wat op 17 April 1520 uitgevaardig is (Mansi 32:1049 e.v. veral 1056 D; *Inst.* 3.2.2-5).

[17] Smyth, Richard, *De missae sacrificio*, 9.

[18] *Ibid.*, p. 9; Camerarius in verband met die vagevuur: *De purgatoria igne dialogi duo* (1557); Eck, *Enchiridion*, hfst. 25, 27 en 28.

[19] Fil. 3:19.

[20] Die Lateraanse Konsilie van 649 het in Kanon 20 nuwighede in die godsdiens verbied (Mansi 10:1159).

bevestig is; hulle vra of dit billik is dat dit strydig met die eenstemmigheid van soveel heilige vaders en die alleroudste gebruik gehandhaaf kan word; hulle dring daarop aan dat ons moet erken dat dit skeurend is, aangesien dit stryd teen die kerk teweegbring of dat die kerk baie eeue lank halfdood was, aangesien niks soortgelyks in al die eeue gehoor is nie.[21]

Ten slotte verklaar hulle dat hulle nie baie bewyse nodig het nie, want uit die vrugte daarvan kan geoordeel word wat die aard daarvan is, aangesien dit so 'n groot massa sektes, soveel opstandige oproer en so 'n groot bandeloosheid van misdade teweeggebring het.

Natuurlik is dit vir hulle baie maklik om 'n verlore saak voor 'n liggelowige en onkundige massa te beledig. Maar as ons ook op ons beurt sou moes praat, sou hierdie bitterheid wat hulle uit vol kieste vrymoedig en ongestraf so teen ons uitskuim, inderdaad afkoel.

In die eerste plek, wat die feit betref dat hulle dit 'nuut' noem, doen hulle God 'n verskriklike onreg aan, aangesien sy Heilige Woord nie verdien om van nuwigheid beskuldig te word nie. Weliswaar het ek hoegenaamd geen twyfel daaroor dat dit vir húlle nuut is nie aangesien sowel Christus as sy evangelie vir hulle nuut is. Die mense wat egter weet dat die prediking van Paulus oud is, naamlik dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het en dat Hy tot ons regverdigmaking opgestaan het, sal by ons niks nuuts aantref nie.[22] Die feit dat dit lank onbekend en in verborgenheid begrawe was, is aan die mens se goddeloosheid te wyte. Wanneer dit nou uit die goedheid van God aan ons terugbesorg word, moes dit ten minste volgens die reg van herstel sy oudheid terugontvang het.[23]

Na aanleiding van dieselfde bron van onkunde beskou hulle dit as 'n twyfelagtige en onsekere leer. Dit is inderdaad waaroor die Here deur sy profeet kla: dat 'n os sy besitter ken en 'n esel die krip van sy eienaar maar dat Hy self nie deur sy volk geken word nie.[24] Maar hoe hulle ook al die onsekerheid daarvan tot 'n bespotting maak: as hulle hulle leer met hulle eie bloed en met die verlies van hulle lewe moes verseël, sou 'n mens kon bemerk van hoeveel waarde dit deur hulle geskat word. Met ons eie geloof is dit heel anders gesteld: dit vrees nòg die verskrikkinge van die dood nòg die regbank van God.

Wat die feit betref dat hulle van ons wonderwerke vereis, handel hulle oneerlik. Ons smee immers nie die een of ander nuwe evangelie nie, maar ons hou juis aan die evangelie vas vir die bevestiging van die

[21] In die Bul *Exsurge Domine* word 35 stellinge teen Luther se standpunt gehandhaaf (Mansi 32:1051D); Bohatec, *Budé und Calvin,* 127 e.v.

[22] Rom. 4:25.

[23] Vir die regsinhoud van *postliminium* kyk REW 22,1:863 e.v.

[24] Jes. 1:3.

waarheid waarvan alle ander wondertekens dien wat Christus sowel as sy apostels ooit verrig het. Maar bo ons het hulle die buitengewone mag dat hulle in staat is om tot hede vandag toe nog hulle geloof met voortdurende wonderwerke te versterk.[25] Daarenteen beroep hulle hulle juis eerder op wonderwerke wat 'n andersins goed geordende gemoed aan die wankel kan bring – so ligsinnig en belaglik of ydel en bedrieglik is dit. En tog, al sou dit nog baie wonderbaarlik wees, behoort dit teen die waarheid van God geen waarde te hê nie, aangesien dit gepas is dat die Naam van God oral en altyd geheilig moet word, of dit nou ook al met wondertekens of met die natuurlike orde van dinge is.
Hulle bedrog sou miskien indrukwekkender gewees het as dit nie was dat die Skrif ons oor die doel en regmatige gebruik van wondertekens vermaan het nie. Want Markus leer ons dat die tekens wat op die prediking van die apostels gevolg het, ter bekragtiging van die prediking verrig is.[26] So vertel Lukas ook dat die Here aan die Woord van sy genade die getuienis gegee het toe tekens en wonders deur die hande van die apostels verrig is.[27] Hiermee stem die apostel op 'n haar na ooreen wanneer hy sê dat ons saligheid na die verkondiging van die evangelie bevestig is toe die Here deur tekens, wonders en 'n verskeidenheid kragte medegetuienis daarvan gelewer het.[28] Sal ons dan die wondertekens waarvan ons verneem dat dit wondertekens van die evangelie is, omkeer om ons geloof in die evangelie te vernietig? Sal ons die wondertekens wat alleen maar bestem was om die waarheid te beseël, aanwend om leuens te bekragtig? Daarom is dit gepas dat die leer waarvan die evangelie sê dat dit aan wonderwerke voorafgaan, in die eerste plek ondersoek en beproef word. As die bevinding gunstig is, dan eers behoort dit tereg bekragtiging uit wonderwerke te put.
Dit is egter op gesag van Christus 'n eienskap van 'n beproefde leer dat dit nie daarna neig om die heerlikheid van die mens nie maar van God te soek.[29] Aangesien Christus self hierdie bewys vir die leer aanvoer, moet ons die wonderwerke wat op 'n ander wyse geïnterpreteer word as om die Naam van die enige God te verheerlik, as verkeerd beskou. En dit betaam ons om daaraan gedagtig te wees dat die Satan sy eie wonderwerke het, en hoewel dit eerder goëlery as waaragtige krag is, is hulle tóg van so 'n aard dat dit onwyses en onkundiges kan mislei. Towenaars en besweerders was nog altyd bekend vir hulle wonders; verbasende wonders was die voedsel van afgodediens. Nogtans vergoelik dit nie vir ons die bygeloof in towenaars of afgodediens nie.

[25] Vir die Roomse opvatting van wonders, kyk Schütz, *Thomas-Lexikon,* 485-487.
[26] Mark. 16:20.
[27] Hand. 14:3.
[28] Hebr. 2:4.
[29] Joh. 7:18; 8:50.

Met hierdie stormram (dat hulle in wonderwerke magtig was) het die Donatiste[30] eenmaal eenvoudige mense geskok. Ons gee dus nou aan ons teenstanders dieselfde antwoord as wat Augustinus destyds aan die Donatiste gegee het, naamlik dat die Here ons teen die bewerkers van wonders behoedsaam gemaak het toe Hy voorspel het dat daar valse profete sal kom om met bedrieglike wonders en 'n verskeidenheid voortekens die uitverkorenes op 'n dwaalweg te lei, as dit moontlik sou wees.[31] Ook Paulus het ons vermaan dat die ryk van die Antichris met alle mag en tekens en leuenagtige wonders tot stand sal kom.[32]

Maar, sê hulle, hierdie wondertekens geskied nie deur die toedoen van afgodedienaars nie, nie deur kwaaddoeners en valse profete nie, maar deur die toedoen van heiliges – net asof ons nie weet dat dit die lis van Satan is om homself in 'n engel van die lig te verander nie.[33] Die Egiptenare het Jeremia, wat onder hulle begrawe is, eens met offerandes en ander goddelike eerbewyse geëer.[34] Het hulle dan nie die heilige profeet van God vir hulle afgodediens misbruik nie? Tog het hulle gedink dat hulle genees sal word as 'n slang hulle pik en dat hulle hierdie genesing as beloning vir die verering van sy graf sal ontvang. Wat sal ons dan hiervan sê, behalwe net dat dit die regverdigste bestraffing van God was, en ook altyd sal wees, om aan diegene wat die liefde vir die waarheid nie aanvaar het nie, die werking van begogeling te stuur, sodat hulle in die leuen kan glo?

Dit ontbreek ons dus glad nie aan wonders nie – en dit is gewis nie wonders wat aan drogredes blootgestel is nie. Die wonders wat hulle voorhou, is loutere begogelinge van die Satan, aangesien hulle ons volk van die waaragtige aanbidding van God na ydelheid probeer wegneem. Daarbenewens werp hulle ons listig die Vaders teë (ek bedoel die ou skrywers van 'n beter era), net asof hulle in die kerkvaders aanhangers van hulle eie ongeloof het. As die stryd op hulle gesag besleg sou moes word, sou ons, om dit nou maar baie beskeie uit te druk, alreeds die grootste deel van die oorwinning oor hulle behaal het.

[30] Die Donatiste is navolgers van Donatus, wat in 316 deur 'n reaksionêre groep as biskop aangewys is. Die meeste van hulle was Berbers, en die beweging het tot Noord-Afrika beperk gebly. Gedurende die 4de eeu het hierdie skeurgroep so sterk geword dat hulle byna die RK Kerk oorskadu het. Tiperend van hulle leer is dat die geldigheid van die sakramentsbediening van die persoonlike heiligheid van die ampdraers afhanklik gemaak is. Danksy die bestryding deur Augustinus het hulle invloed begin afneem (CE 2:454; RPTK 4:788-798).

[31] Augustinus, *In Ioannis Evangelium Tractatus* 13.17 (MPL 35:1501); die verwysing is na Mark. 13:22-25; Matt. 24:24.

[32] 2 Thess. 2:9.

[33] 2 Kor. 11:14.

[34] Die marginale verwysing na Hieronymus se *Praef. Jeremiae* is foutief. Hierdie opmerking oor Jeremia word gevind in Isidorus van Seville (†636) se *De ortu et obitu patrum*, 38:74 (MPL 83:143).

Hoewel die vaders baie voortreflike en wyse geskrifte geskryf het, het ook met hulle in sekere opsigte gebeur wat gewoonlik met mense gebeur. Met skerpsinnigheid van verstand, oordeel en gees aanbid hierdie vroom kinders slegs hulle dwaling en foute, en die goeie wat hulle gesê het, sien hulle nie raak nie of hulle veins dit weg of hulle verdraai dit, sodat 'n mens sou kon sê dat hulle enigste bekommernis was om in goud na drek te soek. Dan oorstelp hulle ons nog met onbeskaamde krete net asof ons veragters en teenstanders van die vaders is.[35] Maar in so 'n mate verag ons hulle inderdaad nie; inteendeel, as dit vir my huidige onderwysing van belang sou wees, sou ek sonder enige moeite die beste deel van wat vandag deur ons gesê word met hulle eie instemming kon bewys.
Tog hou ons ons in hulle geskrifte op so 'n wyse besig dat ons gedurig daaraan gedagtig is dat alles ons eiendom is[36] om ons te dien en nie om oor ons baas te speel nie,[37] dat ons die eiendom van Christus alleen is aan wie ons in alles sonder uitsondering gehoorsaam moet wees.[38]
Hy wat aan hierdie onderskeid nie hou nie, sal geen bestendigheid in sy godsdiens hê nie, aangesien hierdie heilige manne oor baie dinge onkundig was en dikwels met mekaar in konflik en selfs by tye met hulleself in stryd was. Nie sonder rede nie, sê hulle, word ons deur Salomo vermaan om nie die perke van van ouds wat ons vadere gestel het, te oorskry nie.[39] Maar die maatstaf vir die grense van ons landerye is nie dieselfde as geloofsgehoorsaamheid nie wat so toegerus behoort te wees dat dit sy volk en die huis van sy vader vergeet.[40] As hulle dan so daarna hunker om te allegoriseer, waarom lê hulle dan nie eerder die apostels uit as enigeen van die Vaders nie? Die mens mag hulle voorgeskrewe perke immers nie wegneem nie. So het Hieronymus dit geïnterpreteer en hulle het sy woorde in hulle kanons opgeneem.[41]
Maar as hulle die begeerte koester dat die perke van die Vaders wat hulle stel, vas moet staan, waarom oorskry hulle dit dan so dikwels as wat hulle wil? Een van die Vaders het gesê dat ons God nie eet of drink nie en dat Hy daarom nie bekers en borde nodig het nie.[42] 'n Ander een het gesê dat heilige plegtighede nie goud soek nie en dat die dinge wat nie met goud

[35] Vgl. ook *Deux discours de Calvin au colloque de Lausanne* (OC 9:877 e.v.).
[36] 1 Kor. 3:21-22.
[37] (1 Kor. 6:12).
[38] (1 Kor. 3:23).
[39] Spr. 22:28.
[40] Ps. 45:11.
[41] 'n Verwysing na Hieronymus se kommentaar op Hosea 5:10 is opgeneem in die dekrete van Gratianus (MPL 187:1307).
[42] Cassiodorus, *Historia tripartita* 11:16 (MPL 69:1198). Acacius, biskop van Amida, het die Persiese gevangenes van die Romeinse soldate losgekoop deur borde en bekers van die kerk te verkoop en uit die opbrengs vir hulle kos te voorsien.

gekoop kan word nie, ook nie in goud behae het nie.[43] Hulle oorskry dus die perk wanneer hulle in hulle eredienste so deur goud, silwer, ivoor, marmer, edelgesteentes en systowwe behaag word; en hulle reken dat God nie reg gedien word as alles nie in voortreflike glans of eerder in dwase oormaat verswelg nie.

Daar was 'n kerkvader wat gesê het dat hy vrymoedig vleis eet op dié dag waarop andere hulle daarvan weerhou het, omdat hy 'n Christen is.[44] Gevolglik oorskry hulle die grense wanneer hulle 'n siel tot die verderf vervloek wat tydens vastyd vleis geëet het.

Dit was een van die Vaders wat gesê het dat 'n monnik wat nie met sy hande werk nie, as die gelyke van 'n geweldenaar of, as u dit verkies, 'n rower beskou moet word.[45] 'n Ander een het gesê dat dit monnike nie geoorloof is om van andere se middele te lewe nie, selfs al sou hulle voortdurend met oordenking, gebed en studie besig wees.[46] Ook hierdie perk het hulle oorskry toe hulle die lui boepensmae van monnike in bordele en hoerhuise geplaas het om met die middele van ander volgestop te word.

Dit was ook 'n Vader wat gesê het dat dit 'n verskriklike gruwel is om 'n beeld van Christus of 'n ander heilige in die kerke van Christene te sien.[47] Dit is nie die uitspraak van 'n mens nie maar die dekreet van 'n kerklike vergadering dat niks wat vereer word, op mure geskilder mag word nie.[48] Verre sy dit daarvandaan dat hulle hulle binne hierdie perke hou wanneer hulle geen hoek sonder beelde laat nie.

'n Ander Vader se raad was dat ons, wanneer ons ons menslike plig teenoor die afgestorwenes met die begrafnis vervul het, hulle met rus moet laat.[49] Hierdie perk verbreek hulle wanneer hulle voortdurende onrus vir die gestorwenes veroorsaak.

Daar was een van die kerkvaders wat getuig het dat die substansie van brood en wyn in die nagmaal aanwesig bly en nie ophou bestaan nie, net soos die substansie en natuur van die mens in Christus, die Here, in verbinding met sy goddelike natuur bly.[50] Hulle gaan die perk dus te buite wanneer hulle hulle verbeel dat die substansie van brood en wyn

[43] Ambrosius, *De officiis ministrorum* 2.28.136 e.v. (MPL 16:139 e.v.).

[44] Spiridion, biskop van Tremithius; vgl. Cassiodorus, *Hist. trip.* 1.10 (MPL 69:894-896).

[45] Die verwysing is waarskynlik na Serapion, vriend van Athanasius en hoof van 'n klooster in Egipte, wat van sy monnike handearbeid verwag het. Vgl. Cassiodorus, *Hist. trip.* 8.1 (MPL 69:1103 e.v.).

[46] Augustinus, *De opere monachorum,* 8-17 (MPL 40:554-565).

[47] Epiphanius, *Ep. ad Io. Ierosolymitanum, ab. Hier. versa.* Hieronymus, *Ep.* 51.9 (CSEL 54:411).

[48] *Concilium Eliberitanum* (Elvira, 305 n.C.), *Canon* 36 (Mansi 2:11 en 2:264).

[49] Ambrosius, *De Abraham* 1.9.80 (MPL 14:449).

[50] Marg. *Gelasius Papa in Concil. Rom.*
Gelasius, *De duabus naturis in Christo adversus Eutychem et Nestorium, Tract.* 3.14: *Et tamen esse non desinit substantia vel natura panis et vini.*

tot 'n einde kom sodra die woorde van die Here voorgedra word, met die gevolg dat dit in sy liggaam en sy bloed verander.[51]
Daar was Vaders wat net soos hulle aan die hele gemeente slegs een nagmaal bedien het en soos hulle ook al die slegte misdadigers daarvan weerhou het, so ook al die mense wat nie daaraan deelgeneem het nie, hoewel hulle daarby teenwoordig was, baie swaar verdoem het.[52]
Hoe ver het hulle die perke nie verskuif toe hulle nie alleen hulle kerkgebou nie, maar selfs privaat wonings met hulle Mis gevul het? Hulle laat enigiemand toe om dit te aanskou, en hulle laat elkeen met groter gewilligheid toe namate hy meer daarvoor betaal, al sou hulle ook hoe onrein en goddeloos wees; maar hulle nooi niemand uit tot die geloof in Christus en tot die gelowige deelname aan die sakramente nie; veeleer verkwansel hulle hulle werke as genade en verdienste van Christus.
Een van die Vaders het bepaal dat mense wat met deelname in een gedaante daarvan tevrede was maar hulle van 'n tweede vorm daarvan weerhou het, geheel en al van die gebruik van die heilige nagmaal afgehou moes word.[53] 'n Ander weer stry moedig daarvoor dat die bloed van die Here nie die volk van Christus geweier moet word nie; hierdie volk, wat deur Hom te bely, beveel word om hulle eie bloed te vergiet.[54]
Die perke het hulle opgehef toe hulle met 'n onskendbare wet beveel het juis wat die een met uitbanning gestraf en die ander met gegronde rede afgekeur het.[55]
Daar was 'n Vader wat verklaar het dat dit onbesonne is om oor 'n vae

[51] *Concilium Lateranense* IV, *canon* 1 (Mansi 22:981 e.v.). Die vierde Lateraanse Konsilie het in 1215 n.C. byeengekom.

[52] Marg. *Chryso. inprimo ca. Ephe. Calixtus papa de consecrat. distin 2.*
Die marginale verwysing is na Chrysostomos, *In Epistolam ad Ephesios commentarius c.* 1. *Homil.* 3.4, 5 (MPG 62:28-30) en na Calixtus se uitspraak soos gesiteer in die *Decretum Gratiani* 3.2.18 (MPL 1871-1739; Friedberg 1:1320).

[53] Marg. *Gelas. Can. Comperimus, de consecrat. dist. 2.*
Die verwysing is na woorde wat waarskynlik van pous Gelasius afkomstig is en gevind word in die dekrete wat aan hom toegeskryf word (MPL 59:141) en aangehaal word in die *Decretum Gratiani* 3.2.12 (MPL 187:176; Friedberg 1:1318). Hiervolgens word van nagmaalsgangers verwag om beide brood en wyn te neem of anders hulle van die nagmaal te weerhou: *Aut integra sacramenta percipiant, aut ab integris arceantur.* Die weerhouding van die beker het skerp kritiek uitgelok van o.a. die Hussiete en later van Luther (WA 6:502 e.v.).

[54] Marg. *Cypr. Epist. 2 lib.* 1. *De lapsis.*
Cyprianus, *De lapsis* (CSEL 3.1:237 e.v.).

[55] *Concilium Constantiense,* 1415 (Mansi 27:727 e.v.). Hierdie Konsilie van Konstanz het die beskouinge van Johannes Hus, Hieronymus van Praag en John Wycliffe skerp veroordeel (*ibid.,* 632, 1215) en die gebruik van die nagmaal onder beide gestaltes verbied: *Quod nullus presbyter sub poena excommunicationis communicet populum sed utraque specie panis et vini (ibid., 728).* In 1418 is hierdie besluit bevestig deur Martinus V se Bul, *In eminentis (ibid.,* 1219).

aangeleentheid na die een of ander kant tot 'n beslissing te geraak sonder helder en duidelike getuienis van die Skrif daaroor.[56] Die perk het hulle vergeet toe hulle soveel besluite, soveel reëls, soveel amptelike beslissings sonder die Woord van God gevel het.

Dit was 'n Vader wat Montanus[57] onder sy ander kettery daarvoor verkwalik het dat hy die eerste was wat wette van vasdae ingestel het.[58] Ook hierdie perk het hulle ver te buite gegaan toe hulle vasdae volgens die strengste wette verorden het.[59]

Daar was 'n Vader wat gesê het dat die huwelik nie vir dienaars van die kerk verbied moes word nie en dit ook as kuisheid verklaar het as iemand met sy eie vrou gemeenskap het.[60] Daar was ook Vaders wat met sy opvatting ingestem het.[61] Hulle het die grense oortree toe hulle hulle priesters streng selibaat opgelê het.[62]

Daar was 'n Vader wat van oordeel was dat ons na Christus alleen moet luister. Oor Hom is gesê: "Luister na Hom!" En verder dat ons nie ag moet slaan op wat andere tevore gesê of gedoen het nie, maar slegs op dit wat Christus, wat die Eerste van almal is, gebied het.[63] Hierdie perk stel hulle nie vir hulleself nie en hulle laat ook andere nie toe om dit as perk te beskou nie, terwyl hulle ander meesters as Christus oor hulleself en ander aanstel.

'n Vader het verklaar dat die kerk hom nie bo Christus behoort te verhef

[56] Augustinus, *De peccatorum meritis et remissione et de baptismo parvulorum* 2, c. 36.59: *Ubi enim de re obscurissima disputatur, non adjuvantibus divinarum Scripturarum certis clarisque documentis, cohibere se debet humana praesumptio, nihil faciens in partem alteram declinando* (MPL 44:186).

[57] Montanus was 'n Frigiër wat in die tweede eeu saam met twee profetesse opgetree het en wat die nabye wederkoms van Christus ekstaties gepredik het. Hy het beweer dat die bedeling van die Heilige Gees met sy optrede begin het. Sy volgelinge is Montaniste genoem. Sy invloed was so groot dat kerkvaders soos Tertullianus, wat selfs na hulle geledere oorgeloop het, en Irenaeus die kettery in Montanus se prediking misgekyk het. Die beweging het versprei van Klein-Asië na Suid-Gallië, Rome en Afrika. Die kerk het eers na 'n eeu of meer die dwaling van die Montaniste begin besef en die kettery later finaal uit die kerk uitgeban (CE 5:7; RPTK 13:117-426).

[58] Marg. *Apolon. de quo Eccles. histo. lib.* 5. *cap.* 12.
Apollonius word deur Eusebius aangehaal in sy *Hist. Eccles.* 5.18 (MPG 20).

[59] *Concilium Eliberitanum,* 305 n.C., *Canon* 23 (Mansi 2:9); *Concilium Agathense,* 506 n.C., *Titulus* 12 (Mansi 8:322, 327); ook *Decretum Gratiani* 3.3.9 (MPL 187:1784; Friedberg 1:1354); Thomas, *Summa Theol.* 2,2.147; oor die RK vasdae, kyk du Cange, *Glossarium mediae et infimae latinitatis,* p. 4-5, wat oor *jejunales dies* handel.

[60] Marg. *Paphnu. Tri pert. hist. lib. 2. cap.* 14.
Cassiodorus haal Paphnutius hier aan in sy *Hist. trip.* 2.14 (MPL 69:933-934).

[61] Cassiodorus verhaal dat die Sinode met Paphnutius se siening ingestem het: *Synodusque laudavit sententiam ejus* (MPL 69:933).

[62] *Concilium Eliberitanum,* 305 n.C., *Canon* 33 (Mansi 2:11); *Concilium Nicaenum,* 325 n.C., *Canon* 3 (Mansi 2:679); *Decretum Gratiani,* 1.26-33 (Friedberg 1:95-124); Eck, *Enchiridion,* hfst. 11 en 19.

[63] Marg. *Cypr. epist.* 3 *lib.* 2.
Kyk Cyprianus, *Ep.* 63: *Solus Christus audiendus est* (MPL 4:385, *falso* 383); Matt. 17:5.

nie,[64] omdat Hy altyd in waaragtigheid oordeel maar regters van die kerk hulle dikwels vergis, omdat hulle blote mense is. Aangesien hulle ook hierdie perk afgebreek het, aarsel hulle nie om daarop aanspraak te maak dat die volle gesag van die Skrif van die oordeel van die kerk afhanklik is nie.[65]

Al die Vaders het dit eens van harte vervloek en eenstemmig verfoei dat die Heilige Woord van God deur die drogredenasies van sofiste verontreinig en in die rusies van dialektici betrek word.[66] Maar hou hulle hulle aan die grense wanneer hulle in hulle hele lewe niks anders doen nie as om met eindelose twis en met skeldwoorde, meer as dié van die sofiste, die eenvoud van die Skrif in duisternis te hul en te verwar? As die Vaders nou opgewek sou word en die soort uitskellery sou aanhoor, wat hulle spekulatiewe teologie noem sou hulle nie kan glo dat die gesprek oor God handel nie!

Maar my betoog sou ver oor sy wettige perke gevloei het as ek die dinge sou opsom waarin hulle moedswillig die juk van die Vaders – en hulle wil die indruk skep dat hulle hulle gehoorsame kinders is – van hulle afwerp. Inderdaad sou maande en jare my daarvoor te kort skiet. Hulle is mense met so 'n verdorwe en jammerlike skaamteloosheid dat hulle waag om ons te bestraf omdat ons dan nie sou aarsel om die perk van van ouds te oorskry nie.

Maar hulle bereik inderdaad niks daarmee dat hulle ons oor die gewoonte[67] tot verantwoording roep nie. Want ons sou met die grootste onreg behandel word as ons verplig sou word om voor die gewoonte te swig. As die oordele van die mens wel reg was, dan sou ons die gewoonte by goeie mense moes soek. Baie dikwels gebeur dit dat dit heel anders verloop. Want wanneer mense opmerk dat iets deur baie mense gedoen word, verkry dit weldra die prerogatief van gewoonte. En tog het dit beswaarlik ooit met die mensdom so goed gegaan dat die beter gebruike die meerderheid behaag het. Gevolglik het daar meestal uit die persoonlike gebreke van baie mense openbare dwaling ontstaan of eerder algemene instemming met hulle gebreke wat dié goeie mense nou as 'n wet wil laat geld.[68] Die wat oë het, kan sien dat dit nie alleen 'n see van euwels oor die wêreld laat vloei het nie maar dat baie gevaarlike

[64] Marg. August. *cap.* 2. *cont. Cresconium grammaticum.*
*Augustinus, Contra Cresconium grammaticum Donatistam* 2.21: *Non igitur debet ecclesia se Christo praeponere* (MPL 43:482).

[65] Eck, *Enchiridion,* hfst. 1; Thomas, *Summa Theol.* 1.1.9 en 10.

[66] Vergelyk in hierdie verband bv. Augustinus, *De doctrina Christiana,* 2.31, 32 (MPL 34:57 e.v.).

[67] Thomas, *Summa Theol.* 2,2.10.12: *Maximam habet auctoritatem ecclesiae consuetudo.*

[68] Marg. *Decret dist.* 8. *cap. fi. Ex de consue.*
*Decretum Gratiani* 1.8 (Friedberg 1:12-16; 2:1237); vgl. ook Augustinus, *Confessiones* 2.2.1 (MPL 32:675).

peste die wêreld beetgepak het en dat alles in die verderf ingestort het sodat ons die mensdom as geheel moet bejammer of die hand aan sulke euwels moet slaan of, eerder, dit geweld moet aandoen. Die geneesmiddel daarvoor word verwerp net omdat ons al lank reeds aan die euwels gewoond geraak het.

Gestel nou dat openbare dwaling wel 'n plek in die gemeenskap van die mensdom sou hê, dan moet in die ryk van God slegs na sy ewige waarheid geluister en dit alleen geag word waaraan deur geen verloop van jare, deur geen gewoonte en deur geen sameswering voorgeskryf kan word nie. So het Jesaja eenmaal die uitverkorenes van God geleer dat hulle nie alles wat die volk 'n sameswering genoem het, 'n sameswering moet noem nie.[69] Dit beteken dat hulle nie in die oortreding van die volk in eensgesindheid daarmee moes saamsweer nie en dat hulle nie die vrese van die volk moes vrees of daarvoor moes bewe nie maar dat hulle eerder die Here van die leërskare moes heilig en dat Hy self hulle vrese en hulle bewing moes wees.

Laat hulle dus maar net soveel eeue uit die verlede en voorbeelde uit die hede teen ons werp as wat hulle wil. As ons die Here van die leërskare heilig, sal ons nie baie bevrees word nie, want al sou baie eeue tot 'n soortgelyke ongeloof ingestem het, dan is Hy nog magtig om wraak te neem tot in die derde en vierde geslag. En al sou die hele wêreld terselfdertyd in dieselfde boosheid saamspan, het Hy ons deur beproewing geleer wat die einde is van dié wat met die menigte saam sondig, toe Hy die hele mensdom deur die sondvloed verdelg het maar Noag en sy klein gesin bewaar is, sodat Hy as gevolg van die geloof van een enkele mens die hele wêreld verdoem het.[70]

Kortom: 'n verwronge gewoonte is niks anders as 'n openbare pes waarin dié wat onder die menigte verval, nie minder na die verderf gaan nie. Dit pas ons dat ons hierby aanhaal uit wat Cyprianus elders skryf. Hy verklaar naamlik dat mense wat uit onkunde sondig, hoewel hulle hulleself nie van alle skuld kan vrywaar nie, tóg skynbaar op die een of ander wyse daarvoor verskoon kan word, maar dat mense wat hardnekkig die waarheid, wat deur die weldaad van God hulle aangebied word, weier, geen verskoning het om voor te hou nie.[71] Hulle probleem is nie vir ons só 'n ernstige verknorsing dat dit ons sou dwing om te erken dat die kerk al 'n tyd lank halfdood is of dat ons nou 'n geskil met die kerk het nie. Die kerk van Christus het sekerlik gelewe, en dit sal lewe solank Christus aan die regterhand van die Vader regeer. Deur sy hand word die

[69] Jes. 8:12.
[70] Gen. 7:1; Hebr. 11:7.
[71] Marg. *Epist. 3 lib. 2 & in Epist. ad Iulianum de Haeret. baptizandi.*
Cyprianus, *Ep. 63.17* (MPL 4:385, *falso* 383); *Ep.* 73.13 (CSEL 3,2:787; MPL 4:412 gee net 'n opsomming van die brief).

kerk onderskraag; met sy bystand word dit verdedig en met sy krag bly die kerk veilig. Want Hy sal ongetwyfeld daaraan voorsien wat Hy ook eenmaal ontvang het, naamlik dat hy die wat aan Hom behoort, tot die voleinding van die tyd sal bystaan.[72]

Met die kerk het ons dus nou geen stryd nie. Ons aanbid en vereer God alleen en Christus, ons Here, eenstemmig tesame met die hele volk van gelowiges, soos wat Hy altyd deur al die godvresende mense aanbid is. Maar juis húlle dwaal ver van die waarheid af weg wanneer hulle geen ander kerk erken as net dié een wat hulle met hulle eie oë aanskou nie. Hulle poog om dit binne grense in te sluit, waarbinne dit glad nie ingesluit kan word nie. Ons stryd wentel om die volgende punte: In die eerste plek daaroor dat hulle volhou dat die gestalte van die kerk altyd duidelik sigbaar is.[73] En in die tweede plek dat hulle bepaal dat hierdie gestalte van die kerk net in die setel van die Roomse Kerk en in die orde van sy priesters gevestig is.[74] Daarteenoor verklaar ons dat die kerk sonder 'n sigbare gestalte kán bestaan en dat nié die gestalte met uitwendige glans, wat hulle in hulle dwaasheid bewonder nie, maar heeltemal ander kenmerke dit saamvat: Dit is naamlik die suiwere verkondiging van die Woord van God en die behoorlike bediening van die sakramente.[75] Hulle kreun as die kerk nie altyd met die vinger aangewys kan word nie. Maar hoe dikwels het dit nie onder die Jode voorgekom dat die kerk so misvorm is dat geen gestalte daarvan te voorskyn gekom het nie? Hoe dink ons dan het die gestalte daarvan geskitter toe Elia geweeklaag het daaroor dat hy alleen oorgebly het?[76] Hoe lank was dit sedert die koms van Christus misvorm en verborge? Hoe dikwels is dit sedert daardie tyd deur oorloë, oproer en ketters só onderdruk dat dit geen glans kon versprei nie? As hulle dan in daardie tyd gelewe het, sou hulle dan nog geglo het dat daar 'n kerk is? Maar Elia het gehoor dat 7000 man wat hulle knie nie voor Baäl gebuig het nie, gered is.[77] Daar behoort geen twyfel daaroor by ons te bestaan dat Christus, sedert dié tyd dat Hy na die hemel opgevaar het, nog altyd op die aarde geheers het nie. As godvresende mense tóé met hulle oë na 'n sigbare vorm vir die kerk gesoek het, sou hulle sekerlik heeltemal moedverlore gewees het.

[72] Matt. 28:20. Hierdie oortuiging dat die een heilige algemene kerk altyd sal bestaan, word ook bely in die Tweede Helvetiese Konfessie 17.1: *Semper fuisse, nunc esse, et ad finem usque seculi futuram esse ecclesiam* (Schaff 3:271).

[73] Eck, *Enchiridion,* hfst. 1.

[74] *Ibid.*

[75] Vgl. Augsburgse Konfessie 2.7: *Haec potestas tantum exercetur docendo seu praedicando verbum, et porrigendo sacramenta* . . . (Schaff 3:60).

[76] 1 Kon. 19:10, 14.

[77] 1 Kon. 19:18.

En Hilarius[78] het dit waarlik in sy eeu as die toppunt van hulle gebrek beskou dat hulle deur 'n dwase bewondering vir die biskop se aansien beetgepak is maar die verderflike pes wat onder die masker verskuil is, nie raaksien nie. Hy praat immers soos volg daaroor: "Teen een ding waarsku ek julle: waak teen die Antichris. 'n Goddelose liefde vir julle mure het julle beetgepak. Julle het 'n verkeerde verering vir die kerk van God in die skoonheid van die dakke en geboue daarvan en julle handel verkeerd om die naam van vrede daaraan te heg. Bestaan daar dan nog enige twyfel daaroor dat die Antichris daar sy setel sal hê? Berge, bosse, mere, tronke en afgronde is vir my veiliger. Want toe die profete hier gebly het of daarin gewerp is, het hulle geprofeteer. Maar wat anders vereer die wêreld vandag in hulle gehoringde biskoppe as net dat hulle mense wat hulle in beroemde stede sien sit, as die owerstes van hulle godsdiens beskou. Weg dus met so 'n dwase agting!"
Aangesien Hy alleen dié ken wat syne is, laat ons dit eerder aan die Here oorlaat om ook by tye die uitwendige kennis van die kerk van die mens se aanskoue weg te neem.[79]
Die strafgerig van God oor die aarde, erken ek, is verskriklik, maar as die goddeloosheid van die mensdom dit dan so verdien, waarom span ons ons dan in om ons teen die gegronde wraak van God te verset? So het die Here Hom in vervloë eeue op die ondankbaarheid van die mensdom gewreek, want omdat hulle sy waarheid nie wou gehoorsaam nie en sy lig uitgedoof het, het Hy hulle sinne verblind en toegelaat dat hulle deur dwase leuentaal bespot en in diep duisternis gedompel word, sodat daar geen gestalte van die ware kerk sou bly bestaan nie. Intussen het Hy egter sy geliefdes van die verderf gered, hoewel hulle verstrooi en midde-in die dwaling en diepe duisternis skuil gehou het – ook nie verbasend nie, want Hy het geweet hoe om hulle te bewaar selfs in die verwoesting van Babilon en in die vlamme van 'n brandende oond.[80]
Maar om my betoog nie tot in die oneindige uit te rek nie, sal ek met enkele woorde aandui hoe gevaarlik dit is dat hulle die gestalte van die kerk na aanleiding van die een of ander ydele pronkerigheid wil laat beoordeel eerder as om daarvan 'n uiteensetting te gee.
Die Roomse pous, sê hulle, wat die apostoliese setel beklee en die owerstes wat deur hom gesalf en gewy is, verteenwoordig die kerk mits hulle deur myters[81] en stawwe onderskei is, en moet as die kerk beskou word; daarom kan hulle nie dwaal nie. Waarom dan so? Omdat hulle dan herders van die kerk is en aan die Here gewy is. Maar was Aäron en die

[78] Hilarius, *Contra Arianos vel Auxentium Mediolanensem,* 12 (MPL 10:616).
[79] 2 Tim. 2:19.
[80] (Daniël 3:11 e.v.)
[81] Kyk *Vita,* p.24 n.110.

ander owerstes van Israel dan nie ook herders nie? Hoewel Aäron en sy seuns as priesters aangewys is, het hulle tog gedwaal toe hulle die kalf gemaak het.[82] Waarom sou daardie 400 profete wat Agab bedrieg het, nie volgens hierdie redenasie die kerk verteenwoordig het nie?[83] Maar die kerk het gestaan aan die kant van Miga, weliswaar alleen en verag, maar uit sy mond het die waarheid gekom. Het die profete dan die naam en gestalte van die kerk gedra toe hulle soos een man teen Jeremia opgestaan het en dreigend verkondig het dat dit onmoontlik was dat die wet van die priester of insig van die wyse of die woord van die profeet sou vergaan?[84] Jeremia word alleen teen die hele volk van profete gestuur om in opdrag van die Here te verkondig dat die wet van die priester, raad van die wyse en die woord van die profeet sou vergaan.[85] Het daar nie ook so 'n glans geskitter op daardie vergadering wat die priesters, skrifgeleerdes en Fariseërs byeengebring het met die oog daarop om oor die dood van Christus te beraadslaag nie?[86] Laat hulle begaan wees oor en verknog wees aan die uiterlike masker om van Christus en al die profete van God verskeurders te maak en laat hulle van die dienaars van Satan werktuie van die Heilige Gees maak!

Maar as hulle uit hulle hart praat, laat hulle my dan te goede trou antwoord: waar op die wêreld en in watter streke hulle van mening is dat die kerk gesetel is sedert Eugenius volgens dekreet van die Konsilie van Basel van die priesterskap afgesit en weggewys is en Amadeus in sy plek verkies is.[87] Selfs al sou hulle bars, kan hulle nie ontken dat die vergadering insoverre dit uiterlike reëlings aangaan, wettig was nie, aangesien dit nie slegs deur een pous nie, maar deur twee belê is.[88] Daar is Eugenius skuldig bevind aan skeuring, rebellie, hardvogtigheid, saam met 'n hele groep kardinale en biskoppe wat hulle saam met hom vir die vernietiging van die vergadering beywer het. Later is hy egter deur die

[82] Ex. 32:4.
[83] 1 Kon. 22:11 e.v.
[84] Jer. 18:18.
[85] Jer. 4:9.
[86] Joh. 12:10 (Die 'ook' in Joh. 12:10 is 'n aanvulling by wat hulle reeds oor Jesus in Joh. 11:53 besluit het; kyk ook Matt. 26:3,4).
[87] *Concilium Basileense oecumenicum, sessio 31* (Febr. 1438), *sessio* 34 (Junie 1439), en *sessio* 39 (Nov. 1439 - Mansi 29:165 e.v., 179 e.v. en 200 e.v.). Die feite waarna Calvyn hier verwys, is kortliks die volgende: Pous Eugenius IV is deur die Konsilie van Basel uit sy amp geskors (Febr. 1438) en later afgesit (25 Junie 1439). Op 5 Nov. 1439 is Amadeus VIII, hertog van Savoye, 'n wewenaar met 'n hele aantal kinders, wat hom later in 'n asketiese kluisenaarsbestaan teruggetrek het, tot pous verkies. Hy het die volgende jaar die amp onder die naam Felix V aanvaar. Eugenius het egter die steun van die nuwe keiser, Frederik III (1440-1449), verwerf en Felix V sodanig geopponeer dat hy op 7 April 1449 as pous geabdikeer het en deur die toedoen van Eugenius se wettige opvolger, Nikolaas V, kardinaal van Sabina geword het (CMH 8:40 e.v.; Battles 1:27, n. 45; vir die abdikeringsrede van Felix V kyk Mansi 35:75 e.v.).
[88] Martinus V en Eugenius IV (Mansi 29:1-3; OS 3:26, n. 2).

guns van die vorste onderskraag en het hy die pontifikaat sonder letsel terugontvang. Die verkiesing van Amadeus, plegtig volgens die gesag van die algemene en heilige sinode afgehandel, het in rook verdwyn, behalwe dat hy soos 'n blaffende hond wanneer 'n brokkie na hom gegooi word, met die mus van 'n kardinaal gepaai is.[89] Uit die skoot van ketters, rebelle en klipkoppe het later al die pouse, kardinale, biskoppe, abte en priesters voortgekom.

Hier moet hulle vasgevang word en bly staan. Want aan watter een van die twee dele sal hulle die naam kerk toeken? Sal hulle verklaar dat dit nie 'n algemene vergadering was nie, aangesien aan die uiterlike majesteit daarvan niks ontbreek het nie? Dit is immers plegtig volgens twee oorkondes belê,[90] onder voorsitterskap van 'n gesant van die Roomse setel geheilig, en in die loop van al die sake daarvan goed georden, het dit altyd tot aan die einde daarvan in dieselfde waardigheid volhard. Sal hulle dan erken dat Eugenius met sy hele leërskare op die vergadering waar almal geheilig is, 'n skeurder was?

Laat hulle dus die gestalte van die kerk op 'n ander wyse omskrywe of hulle sal, hoeveel daar ook al van hulle is, deur ons as verskeurders beskou word, aangesien hulle willens en wetens deur ketters georden is. Maar as die bevinding nog nooit tevore gemaak is dat die kerk nie deur uitwendige praal gebind word nie, dan kan dié mense ons tot oorvloedige bewys dien wat hulle onder die indrukwekkende titel van 'kerk' so lank hooghartig aan die wêreld verkwansel het, ten spyte daarvan dat hulle verderflike peste van die kerk was.

Ek praat nie van hulle sedes en hulle verskriklike misdrywe, waarvan hulle hele lewe wemel nie, want hulle sê dat hulle self Fariseërs is omdat na hulle geluister moet word maar dat hulle nie nageboots moet word nie.[91]

As u 'n wyle van u vrye tyd daaraan bestee om ons geskrifte te lees, sal u duidelik agterkom dat juis die leer, ja, dat die leer waaraan dit volgens hulle te danke is dat hulle die kerk is, 'n verderflike folteraar van ons siele, 'n vuurfakkel, die verderf en ondergang van ons kerk is.

Ten slotte handel hulle nie eerlik genoeg wanneer hulle vol ergernis melding maak van watter groot oproer, opstande en struweling die prediking van ons leer meegebring het en watter vrugte dit nou onder baie mense dra nie. Want die skuld vir die rampe van vandag, wat op die boosheid van Satan gewerp moes word, word onverdiend op hierdie leer afgeskuiwe. Die Satan is as't ware 'n soort beskermer van die Woord van

[89] Vir die beeldspraak van die blaffende hond, wat Calvyn hier gebruik, kyk Vergilius, *Aeneïs* 5:791; Blanckenberg, *Vergilius: Van wapens en 'n man* 159. Vgl. verder n. 87 oor Felix V.

[90] *Duobus diplomatibus* (vgl. Mansi 29:1 e.v).

[91] (Matt. 23:2). Eck siteer ook hierdie teks in sy *Enchiridion,* hfst. 2 (slot) om eerbied vir

God, sodat dit nooit te voorskyn kan kom as hy rus en slaap nie.

Dit is 'n baie sekere en veral 'n betroubare kenmerk waardeur dit van bedrieglike leringe onderskei word wat hulleself gemaklik op die voorgrond skuiwe solank dit met die welwillende ore van almal aangeneem en onder toejuiging van die wêreld aangehoor word. So was feitlik alle mense verskeie eeue lank, waarin alles in 'n bodemlose duisternis gedompel was, die spel en bespotting van hierdie heerser van die wêreld, en net soos 'n Sardanapalus[92] het hy in diepe vrede neergesink en homself vermaak. Want wat moes hy anders doen as om te lag en grappe te maak, aangesien hy in rustige en vreedsame besit van sy ryk was? Maar toe die lig wat uit die hoogte neerstraal, sy duisternis ietwat verdrywe het, toe Een magtiger as hy sy ryk versteur en geskok het,[93] toe het hy inderdaad sy gebruiklike lomerigheid van hom begin afskud en sy wapens gegryp. En eerste het hy die magte van die mensdom aangehits om deur hulle die waarheid wat sy lig laat begin skyn het, met geweld te onderdruk. Toe hy daarin geen vordering gemaak het nie, het hy hom tot hinderlae gewend, en deur sy wederdopers[94] en ander wondertekens van deugniete het hy tweespalt en konflik oor die dogma aangeblaas met die oog daarop om die waarheid te verduister en dit uiteindelik uit te doof. En ook nou volhard hy daarin om dit met albei hierdie werktuie aan te val. Hy poog immers om met mensegeweld en mag die ware saad uit te ruk, en sover dit binne sy vermoë is, span hy hom in om dit met sy onkruid te verstik, sodat dit nie kan groei en vrugte dra nie. Tog is dit ook tevergeefs, indien ons ons Raadsman, die Here, gehoorsaam, wat ook sy lis lank tevore aan ons geopenbaar het om te verhoed dat hy ons onverhoeds betrap, en ons met genoegsame bestendige hulpmiddele teen al sy werktuie bewapen het.

Verder, hoe groot is hulle boosheid om juis die blaam op die Woord van God te werp vir opstande wat goddelose rebelle aanhits, of van sektes wat swendelaars daarteen opwek! 'n Nuwe metode is dit egter nie. Elia is gevra of dit hy was wat Israel in beroering gebring het.[95] Christus was vir die Jode 'n oproermaker.[96] 'n Klag van oproer onder die volk is teen die apostels ingebring.[97] Wat anders beoog dié mense wat vandag alle oproerighede, opstande en konflikte wat teen ons uitborrel, aan ons toeskrywe? Maar Elia het ons geleer watter antwoord ons aan sulke

die *clerus* te bepleit.

[92] Dit is die Griekse naam van die Asiriese koning Assurbanipal. Volgens legende het hy jare lank kommervry en weelderig gelewe en homself uiteindelik in sy eie huis verbrand (ML 14:321 - 322; Battles 1:28, n. 47).

[93] (Luk. 11:22).

[94] Hier *catabaptistas suos,* gewoonlik *anabaptistas.*

[95] (1 Kon. 18:17-18).

[96] (Luk. 23:5).

[97] (Hand. 24:5 e.v.).

mense moet verstrek: dat dit nie ons is wat dwalinge versprei of opstande teweegbring nie, maar dat dit hulle is wat teen die krag van God strewe.[98]

Maar soos die een enkele antwoord genoeg is om hulle roekeloosheid in bedwang te hou, net so moet aan die ander kant die swakheid van ander tegemoet gekom word. Soos dikwels gebeur, word hulle deur sulke besware beïnvloed en versteur, en dan begin hulle wankel. Om nie voor hierdie steurnis te swig en van hulle posisie verdryf te word nie moet hulle weet dat die apostels in hulle tyd dieselfde ervaring gehad het as wat ons nou te beurt val. Daar was toe ongeletterde en onsekere mense wat tot hulle eie ondergang die dinge verdraai het wat onder Goddellike inspirasie deur Paulus geskrywe is, soos Petrus ook sê.[99] Daar was veragters van God wat, toe hulle gehoor het dat die sonde oorvloedig was sodat die genade daaroor kon stroom, dadelik die afleiding gemaak het: "Ons sal in die sonde bly, sodat die genade vir ons oorvloedig kan wees."[100] En toe hulle gehoor het dat die gelowiges nie onder die wet was nie, het hulle dadelik geskreeu: "Ons sal sondig, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade."[101]

Daar was mense wat Paulus daarvan beskuldig het dat hy 'n aanraaier tot die kwaad was. Baie valse profete het heimlik ingedring om die kerke wat Paulus self gestig het, te verwoes. Sommiges het die evangelie uit afguns en stryd onopreg verkondig en selfs arglistig gedink dat hulle druk op die bande van die kerk kan uitoefen.[102] Elders het die evangelie nie veel vordering gemaak nie. Almal het hulle eie belang gesoek en nie die belang van Jesus Christus nie. Ander het soos honde terug gegaan na hulle braaksel en soos varke na hulle rolplek in die modder.[103] Die meeste het die vryheid van die gees tot 'n ongebondenheid van die vlees aangegryp.[104] Baie het as broeders binnegedring en deur hulle het gevare later die gelowiges bedreig.[105] Onder broeders self is verskeie twiste aangehits.[106]

Wat moes die apostels onder hierdie omstandighede doen? Moes hulle die evangelie 'n tyd lank verberg of eerder weglaat en agterweë laat omdat hulle kon sien dat dit die kweekplek van soveel geskille, die stof vir soveel gevare en die geleentheid vir soveel struikelblokke is? Maar in probleme van hierdie aard is hulle daardeur onderskraag dat ook

[98] 1 Kon. 18:18.
[99] 2 Petr. 3:16.
[100] Rom. 6:1.
[101] Rom. 6:15.
[102] Fil. 1:15.
[103] (2 Petr. 2:22).
[104] (2 Petr. 2:18-19).
[105] (2 Kor. 11:4).
[106] (Hand. 6:11).

Christus 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling was, gestel tot die val en die opstanding van baie en tot 'n teken wat weerspreek sou word.[107] En met hierdie vertroue bewapen, het hulle moedig deur al die gevare van opstande en ergernisse heengeskry.
Ook ons behoort deur dieselfde oorweging onderskraag te word aangesien Paulus getuig dat dit 'n ewige eienskap van die evangelie is dat dit 'n reuk van die dood tot die dood is vir die wat ten gronde gaan, hoewel dit vir ons eerder bestem was om 'n reuk van die lewe tot die lewe en 'n krag van God tot saligheid van die gelowiges te wees.[108] En dit sou ons self sekerlik ook ervaar het as ons hierdie so uitsonderlike weldaad van God nie deur ons ondankbaarheid bederwe en dit wat die enigste hulp vir ons saligheid was, in ons verderf omgekeer het nie.
Maar ek keer terug tot u, o Koning. Laat daardie ongegronde klagtes u nie beïnvloed waardeur ons teenstanders hulle inspan om u te verskrik nie, naamlik dat deur hierdie nuwe evangelie[109] (want so noem hulle dit) niks anders nagejaag en gesoek word as 'n geleentheid tot opstande en straffelose vryheid vir alle oortredinge nie. Want ons God is nie 'n Skepper van verdeeldheid nie maar van vrede, en die Seun van God is nie dienaar van die sonde nie, aangesien Hy gekom het om die werke van die duiwel te verwoes.
Sonder verdienste word ook ons van dergelike begeertes beskuldig waaroor ons nooit selfs eens die geringste rede tot verdenking gegee het nie. Verbeel u dat ons die omverwerping van koninkryke bedink, ons van wie nog nooit 'n opstandige woord gehoor is nie en van wie se lewe, toe ons onder u gelewe het, dit bekend was dat dit altyd rustig en eenvoudig was. Selfs nou dat ons van ons tuistes af wegvlug, hou ons nie op om vir die heil van u koninkryk en vir u te bid nie.
Verbeel u dat ons straffelose moedswillige oortredinge najaag – hoewel daar in ons sedes baie dinge af te keur is, is daar tog niks wat so 'n aantyging verdien nie. Deur die genade van God het ons in die evangelie nie so 'n onvrugbare vordering gemaak dat ons lewe nie vir ons veragters 'n voorbeeld van kuisheid, welwillendheid, van barmhartigheid en selfbeheersing, van lydsaamheid en ingetoënheid en elke moontlike deug kan wees nie.
Die werklikheid getuig daarvan dat ons God inderdaad opreg vrees en eer, aangesien ons sowel in lewe as in sterwe daarna strewe om sy Naam heilig te maak. Juis hulle nyd teen ons is daarop ingestel om aan sommige van ons getuienis van ons onskuld en burgerlike regskapenheid te lewer. Dit is mense wie se een enkele optrede, wat tot

[107] Luk. 2:34 (Rom. 9:33; 1 Petr. 2:7).
[108] 2 Kor. 2:16.
[109] Kyk p.93, n.20; p.94, n.21-23.

buitengewone lof gereken moet word, met die dood gestraf is.
Maar as sekere mense onder die dekmantel van die evangelie oproer stook (en tot dusver is sulke mense nog nie in u ryk gevind nie), as sommiges vryheid vir ongebonde oortredinge onder die genade van God verberg – en van diesulkes ken ek baie – is daar wette en wetlike strawwe waarmee hulle volgens verdienste streng in toom gehou kan word. My begeerte is dat die evangelie van God intussen net nie as gevolg van die boosheid van misdadigers 'n slegte naam verkry nie.
O Koning, my uiteensetting van die venynige onbillikheid van ons valse aanklaers is breedvoerig genoeg. Gevolglik hoef u nie u ore uitermate liggelowig tot hulle aanklagte te neig nie. Ek vrees dat dit vir baie mense selfs té uitvoerig was, aangesien hierdie voorwoord alreeds bykans die perk van 'n egte verdediging bereik het. Dit was nie my bedoeling om hieronder 'n verdediging te verskuil nie, maar slegs om u gemoed vooraf te versag om ons saak aan te hoor, aangesien u nou weliswaar van ons afgewend en vervreemd is, en, voeg ek by, selfs ontstoke is. Ons vertrou egter dat ons u guns weer kan herwin, as u eenmaal hierdie belydenis van ons, wat ons as 'n verdediging voor u majesteit wil laat dien, kalm en bedaard sal deurlees. Maar as die fluisteringe van kwaadwilliges u ore dermate in beslag neem dat daar geen geleentheid vir beskuldigdes bestaan om hulle eie verdediging waar te neem nie, maar daardie kwelgeeste onder u oogluikende toelating altyd met kettings, gésels, pynbanke, verminkings en verbrandings teen ons uitwoed, dan sal ons soos skape wat vir slagting bestem is, tot die uiterste toe gedryf word. Tog sal ons dit op so 'n wyse doen dat ons in ons lydsaamheid in volle besit van ons siele sal wees en die kragtige hand van die Here sal afwag, wat ongetwyfeld op sy tyd sal kom en gewapend sal verskyn sowel om die armes uit hulle verdrukking te bevry as om u veragters wat nou met soveel sorgeloosheid jubel, te straf.
Mag U, o Here, Koning van die konings, u troon op geregtigheid bevestig, en mag u, o uitmuntende Koning, u setel op billikheid vestig.

Te Basel op die 1ste Augustus in
die jaar 1536.[110]

[110] Die datum wat hier aangegee word, is kennelik foutief. Die uitgawe van 1536 dra onder hierdie brief aan die Koning die datum *X Calendas Septembres* (p.41). Dit is 23 Augustus, sonder 'n aanduiding van die jaartal. Aan die einde van die boek staan die publikasiedatum: *Mense Martio, Anno MDXXXVI* (p.519). Hieruit is dit duidelik dat die brief aan die Koning in 1535 gedateer moet word. Dit word bevestig deur die Franse uitgawes van 1541 en 1545: *vingttroysiesme D'aoust mil cinq cent trente cinq.* 1 Augustus was egter die datum van die voorwoord (nie van die brief aan die koning nie) van die Latynse uitgawe van 1539. In die latere Latynse uitgawes is hierdie datum foutiewelik onder die brief van die koning geplaas. Terselfdertyd is die jaar 1536 hieraan toegevoeg – 'n foutiewe verskuiwing van die publikasiedatum.